

**23 Desember**

**Lukas 2:1-7**

**(Teks: 2:7) Plek vir Jesus, die verlosser!**

*"...omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie"*

Rondom Kersfees is daar gewoonlik 'n groot geskarrel. Almal is op weg na 'n plek, iewers. Na 'n vakansieplek, na dié plek waar my ouers of kinders of familie of vriende woon. Of vir die laatslapers - is daar nóg plek by die kus, in die hotel, op die vliegtuig of op die trein? Pleksoekers!

Met keiser Augustus se volkstelling het almal wat in Judea gebore is na Betlehem gestroom om daar geregistreer te word. Daar aangekom, was die eerste op die lys natuurlik om losiesplek te kry. Skares stroom heen en weer deur die strate. Vra hier en klop daar aan. Om naderhand maar net vanaf die een plek weggestuur te word om weer by 'n ander plek te probeer. Die oorvol dorp het haas geen plek meer nie! Ook nie vir Josef en die swanger Maria nie. Maar uiteindelik is daar tog 'n plekkie vir hulle. In 'n stal by 'n herberg! 'n Rusplek vir hulle moeë liggame.

En dan gebeur dit daardie nag. Terwyl hulle in hulle rusplekkie was, kom die tyd dat Maria geboorte moes gee. Haar Eerstelingseun is gebore. Knus in haar moederarms. Maar waar is daar nou vir Hóm 'n plekkie toe Hy uit haar moederarms geneem moes word? In 'n krip, daar naby! Geen ander plek vir die Seun van God, ons Verlosser, met sy geboorte nie. En in sy latere lewe? Nie eers 'n plek soos wat die voëls en die jakkalse gehad het nie.

En met die komende Kersfees, sy eie geboortefees? Gaan Hy dié plek kry wat net Hom alleen toekom? In die wêreld van 1998? In u hart en huis? In u kuiers met familie en vriende? Terwyl u vakansie hou?

Maak plek vir Jesus, die Verlosser van die wêreld! Gee aan Hom die ereplek met sy geboortefees! Niks minder kom Hom toe nie! Doen dit met ware en gelowige aanbidding en eer aan Hom, in u hart en lewe, saam met mede-gelowiges waar u ook al is.

Hy is nów besig om vir u en my plek voor te berei, by Hom in die hemel. Sodat wanneer Hy ons plek gereed het, Hy sal kom om ons na Hóm toe te neem.

Sing Skrifberyming 18:5 en 6      Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)